DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin



Predikant: Ds. S.P. Venter

Pastorie: 015 296 1840

Sel: 082 809 0222

Epos: sarel.pventer@gmail.com

**12 JANUARIE 2020**

**Tema 2019 - VOLUIT VIR GOD**

**OGGENDEREDIENS** **Ds. Sarel Venter**

**Skriflesing** 1 Kon 19: 11 - 14; Ef 4: 1 - 16

**Tema** Eenheid in verskeidenheid

Lied 489: 1, 2 (Rom 13)
Lied 184: 1, 3, 4
Psalm 65: 1, 2
Psalm 130 1, 2
Psalm 66: 7, 8
Psalm 107: 10, 18

EREDIENSTE VANDAG:
Oggend: 09H00
Aand : Geen

Die Here vra ons in 2020 - Wat maak jy hier? Elia het 'n antwoord op sy situasie gegee. Die Here gee aan elkeen van ons 'n antwoord binne ons situasie: Ek druk julle dit dan op die hart, om waardig aan die roeping waarmee julle geroep is te lewe, met nederigheid, beskeidenheid; doen dit met groot geduld terwyl julle mekaar in liefde verdra en julle daarop toespits om die eenheid van die Gees te bewaar deur die band van vrede. Kom ons vra onsself die vraag: Weet jy wat jy hier moet maak?



# DATUMS OM TE ONTHOU

| | | | |
|---|---|---|---|
| **12 Januarie** | **Kollektes** | **Tydens erediens:** | Diakonale sorg |
| | | **By deure:** | Spesiale Fonds |
| **15 Januarie** | | SKOLE OPEN | |
| **16 Januarie** | **16:00** | KK Katkisasie Opening | |
| **18 Januarie** | **08:30** | Toerusting - Ouderlinge en Diakens | |



## KATKISASIE

Katkisasie nog gesluit. Begin volgende Sondag DV 19 Januarie wanneer skole weer oop is

## KONSISTORIEDIENSBEURT 12 JAN 2020

**Diensbeurt:** Wyk A4 **Katkisasie:** -

**Ouderling:** Hendrik Venter **Diaken:** Peet Oosthuizen

## KERKKANTOOR

Die Kerkkantoor is weer oop. Gaan sien vir Elzanne in die kantoor vir enige navrae.

## KATEGETE

Al die kategete moet asb Dinsdagaand 14 Januarie om 18H00 by die kerkgebou bymekaar kom.

## TEESKINKBEURTE

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **12 Januarie** | Almal wat beskikbaar is | **19 Januarie** | Elrike Wolmarans | B3 |
| | | | Charlotte Groenewald | B3 |
| | | | Chrisna Stander | B3 |
| | | | Wilna VD Merwe | B3 |
| | | | Dolly Geldenhuys | B3 |



**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

# OOG VIR MEKAAR

- DV volgende Saterdag is dr Malan van Rijn by ons om ons leiding te gee rondom bedieningsgroei in ons gemeente. Hy het die opdrag van die Sinode ontvang. Almal is welkom. Ouderlinge en diakens is vrywillig verplig, maar ons wil verder aan almal die geleentheid gee om te kom hoor wat in die GKSA gebeur. Ons wil iets te ete gee, daarom moet jy jou naam asb opskryf. Hy sal 09:00 begin tot ongeveer 13:00.
- Hester vd Merwe sien Maandag die dokter vir 'n verdere moontlike operasie. Ons bid dat sy verligting vir die pyn sal kry.



- Ina Fouche was die afgelope week in die hospitaal, met 'n abses in die kakebeen. Ons is dankbaar dat dit beter gaan.
- Baie seën vir ouers, kinders en onderwysers vir die nuwe skooljaar. Mag ons Vader julle almal vashou en versterk. Graad 1's en Matrieks baie sterkte.
- Baie dankie dat ds Sarel en Oudl Andre Bakker die toerusting, oor die boek Efesiërs, die afgelope week in Pta kon bywoon. Na 5 preke en baie ure se verdere toerusting wil ons die kennis en insig terugploeg in die gemeente. Die GKSA het deur prof Henk Stoker met die Herv Kerk bande gesmee om Glo-Media tot stand te bring. Die hele toerusting se lesings sal in Feb ( 6 na 8 weke) op You Tube beskikbaar wees. Ons wil egter nou begin deur weg te spring om toerusting vir die Bybelstudie leiers te gee, sodat ons groepe Efesiërs saam kan doen.

200

1820 – 2020

# 2 MILJOEN

• BYBELS-PROJEK •

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika herdenk in 2020 sy 200-jarige bestaan. Deel van ons verjaardagvieringe is die 2 Miljoen Bybels-projek, waar ons poog om oor 'n tydperk van twee jaar, genoeg donasies te kry sodat ons 2 000 000 Bybels en stelle geletterdheidsboekies onder behoeftige Suid-Afrikaners kan versprei.

Ons vra jou ondersteuning met hierdie baie spesiale projek. Jou bydrae van R100 sal ons help om een Bybel en een stel Bybelgebaseerde geletterdheidsboekies beskikbaar te stel.



## SUSTERS




## KONINGSKINDERS KAMP 22-27 MRT 2020

As jy graag meer wil weet oor die kamp of op 'n ander manier betrokke wil raak kan jy vir Marlene Hoogendyk 083 648 5397 kontak.

Ons benodig die volgende vir die kamp:

- Droë Voorraad.  Kosse om te gbruik op die kamp. En vir die gesinne kos te gee.
- Groepleiers of Buddies. Enige iemand of jongmens wat die kinders kan help met hulle daaglikse aktiwiteite en speletjies. Seuns vir die seunsgroepe en meisies vir die meisiesgroepe.

# BYBELSTUDIE

Die lys van Bybelstudiegroepe wat elke week vergader is soos volg:

| Groepleier | Tyd | Plek |
|---|---|---|
| Gideon de Klerk (082 805 8947) | Sondag, 10:30 | Van huis tot huis |
| ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Dinsdag, 09:30 | Kerkgebou |
| Johan van Biljon (082 388 2117) | Woensdag, 18:00 | Van huis tot huis |
| Elzanne Botha (076 572 0991) | Woensdag, 18:00 | Van huis tot huis |
| Annemarie Bakker (082 484 6267) of André Bakker (083 457 1711) | Woensdag, 19:00 | Herculesstraat no.6 |
| Alta Theron (015 – 296 2168) | Donderdag, 09:30 | Wesselstraat no.148 |
| ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Woensdag, 18:30 | Bendor Pastorie |
| Betsie de Witt (084 209 4220) Marlene Hoogendyk (083 648 5397) | Sommige Sondae na katkisasie | Kerkgebou |

**Elke lidmaat in die gemeente word uitgenooi om in te skakel by een van die Bybelstudiegroepe. Dit is waar ons mekaar regtig leer ken, vriende word en mekaar ondersteun, waar die Christelike liefde spesiaal ondervind word**

Kontak Alta indien daar lidmate is wat in gesinsverband of tuisbybelstudie wil doen, altatheron@vodamail.co.za

Gebed
Daniël
Joël
Maleagi
Miga
Nahum
Groei in die Gees

Openbaring
Dood en hiernamaals
Jakobus
Die duiwel maak sin
Hebreërs
Die lewende kategismus
Beproewing




**Bybelstudies ook beskikbaar op die webblad www.gereformeerd.co.za**

# PLASINGS IN DIE BASUIN

Indien u enige inligting in die Basuin wil plaas kan u met sr. Elzánne Botha kontak maak by die kerkkantoor of die inligting per epos na die kerk se e-posadres stuur.

**Maak asseblief seker dat u enige inligting nie later as Donderdag 19:00 deurstuur nie.**




# KALENDER



| *Verjaarsdae* | | | |
|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | **Belydend/ Doop** | **Sel/Tel no.** |
| Di. - 14 Jan. | Heidi de Villiers | - | 061 410 9282 |
| | Ab Grobler | D | 015 295 8820 |
| | Sarie Hattingh | B | 082 567 0518 |
| | Lumari vd Merwe | B | 079 169 4006 |
| | Antonie Weideman | B | 082 846 6850 |
| Do. – 16 Jan. | Kotie Cilliers | B | 072 292 6832 |
| | Hennie Korff | B | 072 190 2991 |
| Vr. - 17 Jan. | Gert Olivier | B | 083 275 9062 |
| | Welma Venter | B | 083 263 5375 |

## BUSSIEBESTUURDER



Ons benodig 'n bussiebestuurder vir Donderdae middae se katkisasie. Ons sal uithelp indien u nog nie 'n Publieke vervoerlisensie het nie.

Donasies kan inbetaal word in die volgende rekening:

ABSA 334 248

Tjekrekening 4072547

**Preke**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Elzánne Botha
015 296 0054

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Elzánne Botha |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | www.gereformeerd.co.za |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede** | |
| **Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*"Wees altyd beskeie, vriendelik en geduldig, en verdra mekaar in liefde."*

*Efesiërs 4:2*

***Almal is hartlik welkom vir 'n koppie tee of lekker boeretroos na afloop van die erediens***



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS